Vrae aan Jesus

- As God vir jou vandag sou sê dat jy vir Hom enige vraag kan vra en Hy sal dit antwoord, wat sal jy vra? Baie mense sê hulle sal vra hoekom Hy lyding in die wêreld toelaat. Ander wil weet as Hy bestaan, hoekom bewys hy dit nie? Of hoekom doen Hy nie net ‘n wonderwerk as dit nodig is nie? Of hulle wonder of mense van ander godsdienste hel toe gaan? Of, nader aan vandag se teks, is daar regtig lewe na die dood?
- In die Evangelies hoor ons dikwels hoe die verskillende groeperinge van sy dag vir Jesus probeer vastrek met vrae. Dis duidelik dat hulle mooi gaan sit en beplan het om hulle vrae so te stel dat dit vir Jesus geen uitkomkans gee nie. Hulle soek nie regtig antwoorde nie, hulle soek ‘n argument wat hulle wil wen. Die soort vrae is baie soos die seun wat volgens oorlewering ‘n wyse man wou vasvra. Hy het ‘n duif in sy hande agter sy rug gehou en vir die wyse man gevra of die duif leef of dood is. As hy sou sê die duif leef, sou hy hom vinnig nek omdraai en wys hy’s dood. As hy sou sê die duif is dood, sou hulle hom laat wegvlieg om te wys hy leef. Die wyse man kan nie wen nie. Maar toe sê die wyse man: “Die antwoord op daardie vraag lê in jou hande”.
- In Luk 20 is dit ‘n vraag-en-antwoord sessie vir Jesus. Eers kom die priesters en skrifgeleerdes met die vraag oor watter gesag Jesus het vir wat hy doen en sê. Dis ‘n strikvraag, want hulle is die hoogste gesag van die dag en hulle het Hom nie toestemming gegee nie. Jesus antwoord met ‘n teenvraag – was Johannes se doop van die hemel of van mense? As hulle antwoord die hemel, hoekom het hulle hom nie geglo nie? As hulle sê mense sou die volk teen hulle draai. Ons weet nie, antwoord hulle dus. Dan antwoord ek julle ook nie oor my gesag nie, sê Jesus. Dan kom daar mense wat maak of hulle volgelinge is. Moet ons belasting aan die Keiser betaal? As Jesus sou sê ja, sou hy as ‘n Romeinse simpatiseerder gesien word en lyk of Hy nie God se oppergesag erken nie. Hy laat hulle ‘n muntstuk bring – die Keiser se kop is daarop. Gee aan die Keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom, antwoord Jesus.
- En nou kom die Sadduseërs. Beide die Fariseërs en die Sadduseërs het Jesus geopponeer, maar hulle kon mekaar ook nie verdra nie, al het hulle saam in die Joodse Raad gedien. Die Sadduseërs was meer welgesteld en polities goed genetwerk. Hulle was ondersteuners van die hoëpriesterlike familie. Hulle het net die Torah (eerste 5 boeke van die

Bybel) aanvaar en nie die profete nie. Hulle het die idee van die opstanding uit die dode verwerp, omdat dit nie in die Torah voorkom nie. Die Fariseërs was meer godsdienstig georiënteer en minder polities. Hulle het die Torah en die Profete aanvaar en in die opstanding geglo.

- Hulle kom met 'n waterdigte argument-vraag. As 'n vrou se man sou sterf en hulle het nie kinders gehad nie, het die sogenaamde Leviraatshuwelik bepaal dat die man se broer met haar moet trou om 'n nageslag vir sy broer te verwek. Wat nou as hy ook sterf? Wat as daar sewe broers is, almal sterf op 'n streep en die volgende een trou met haar. In die hiernamaals, met wie gaan sy dan getroud wees? Hierdie "argumentum ad absurdum" vraag is bedoel om die idee van die hiernamaals, waarin die Sadduseërs nie geglo het nie, as absurd voor te stel. Alhoewel mense 'n man met 7 vroue kon indink, immers nie 'n vrou met 7 mans nie.

Eenders, en anders

- Jesus verduidelik dat God nie morsig met sy skepping omgaan nie, Hy behou sy mense, want Hy is die God van die Lewe. "By Hom leef hulle," sê Hy met verwysing na Abraham, Isak en Jakob, wat immers al gesterf het. Die verbondsverhouding met God is onbreekbaar en onsterflik. Jesus veronderstel ook duidelik dat individualiteit behoue bly. Ons is nie druppeltjies wat in die oseaan val en verdwyn wanneer ons sterf nie.
- En tog is alles anders. Verhoudings is byvoorbeeld nie meer onderworpe aan die onderdrukking en miskenning van mekaar wat ons in hierdie lewe so beleef nie. In die Sadduseërs se voorbeeld: vroue is nie meer mans se besitting nie. Daarmee verwerp Jesus natuurlik nie die huwelik nie, maar wys Hy daarop dat in die ewigheid sy liefde en teenwoordigheid allesoorheersend is.
- *"It would seem that Our Lord finds our desires not too strong, but too weak. We are half-hearted creatures, fooling about with drink and sex and ambition when infinite joy is offered us, like an ignorant child who wants to go on making mud pies in a slum because he cannot imagine what is meant by the offer of a holiday at the sea. We are far too easily pleased." CS Lewis*

As Jesus vir jou 'n vraag kon vra...

- Miskien moet ons dit omdraai. As Jesus vir jou een vraag kon vra, wat sou dit wees? As ons na sy gesprek met die Sadduseërs luister, sou dit dalk iets te make hê met hoe ernstig ons is om die andersheid van die lewe saam met God (in alle ewigheid) nou reeds te begin. Die vraag mag dalk wees: "Wil jy regtig my Koninkryk sien kom?" Of is jy tevrede met die "mud pies in the slum"?
- As ek kan ja antwoord op hierdie vraag van Jesus, het dit implikasies vir hoe ek dink en leef. Dan gaan staan ek by elke situasie in hierdie lewe wat my laat vra "Hoekom, Here?" en sien ek soos Moses 'n bos wat brand van God. Die God van die lewendes.
- Dan lyk my doen en late anders. Dan is vroue nie die besitting van mans nie. Dan is kinders daar om gesien én gehoor te word. Dan is dit wat ons van mekaar onderskei nie meer rede om ons van mekaar te skei nie. Dan is die ekonomie nie "the winner takes it all" nie, maar eerder "everyone is included". In daardie wêreld van God, is oorlog die grootste dwaasheid denkbaar en die uitoefening van mag word vervang met die gebruik van my invloed om 'n wêreld van gee in plaas van neem, floreer in plaas van wegkwyn te skep. Dis eintlik maar net om dan te gaan werk waar God reeds werk. Hy maak ons daarin sy medewerkers. En dan kom ons agter die gordyn tussen hemel en aarde is ragfyn-dun.